# Angels @ Hennops

Geagte ouers –
Ons projek om die leerders van ons skool wat bietjie swaar kry, te help, gaan hierdie jaar voort. Ons vra weekliks aan ouers wat kan om slegs 2 kruideniersitems op 'n Woensdagoggend skool toe te stuur vir ons Angelsstoor. Leerders kan dit direk na die **voorportaal by die saal** bring, Daar is ook 'n houer by die Koskas geplaas vir hierdie doel. U kan dit enige tyd daar afgee: Die skool waardeer u bydraes opreg.

| Graad | Voorstelle wat om te bring |
|---|---|
| Graad 1's | Ontbytpap: Enige mieliemeel, Oats of graankosse |
| Graad 2's | Long Life Melk en/of Tee |
| Graad 3's | Suiker en/of Koffie |
| Graad 4's | Rys, Pasta, Soppoeiers |
| Gr 5's en Gr 6'e | Blikkieskos, alle groente en vleis en koekmeel |
| Graad 7's | Toiletbenodigdhede: Seep, tandepasta, sjampoe, toiletpapier |

**---o0o---**

**BONTSTAAN KLEREWINKEL**

**(Ingang: Hek 4 in Blackwoodstraat)**

Maandae - Vrydae: 7:10 - 7:45
Maandae - Donderdae: 12:45 - 13:30

Daar is baie grys hemde en broeke by Woolworths Centurion te koop.
Dankie, aan die takbestuurder wat dit gereël het.

Melanie Geldenhuys
Sel: 0836547947

---o0o---

Laai die school communicator af vanaf die web:
www.school-communicator.com/download.php?schoolid=137

Babbelbekkie elke Vrydag op die web: www.laerskoolhennopspark.co.za

.

LAERSKOOL HENNOPSPARK
Posbus 12056
Clubview
0014

Tel: 012 654 4308
Faks: 012 654 1663
Finanskantoor: Tel: 012 660 0270
E-pos: mwhennop@iafrica.com
www.laerskoolhennopspark.co.za

# Babbelbekkie

Uitgawe 3/2012 3 Februarie 2012

## . PROGRAM VAN DIE WEEK

| WANNEER | WAT |
|---|---|
| Vrydag<br>3 Februarie | Atletiek: Tuis<br>Muurbal Round Robin |
| Saterdag<br>4 Februarie | Muurbal Round Robin |
| Maandag<br>6 Februarie | Herwinning: 07:00<br>Tennisligas<br>Ainos Oudisies – 16:00<br>Voortrekkers: Spanvergadering (Kenmekaar)<br>Onthou kampinskrywings: 17:00<br>Ouervergadering om 18:00 – 19:00 |
| Dinsdag<br>7 Februarie | Kultuurvergadering 13:30 - Raadsaal |
| Woensdag<br>8 Februarie | Valentynsverkope<br>Ainos Oudisies: 16:00 |
| Donderdag<br>9 Februarie | Valentynsverkope |
| Vrydag<br>10 Februarie | Valentynsverkope<br>Atletiek: Cluster |
| Saterdag<br>11 Februarie | Atletiek: Cluster |

**Gelukwensing: Verjaarsdae**:
Vrydag 3 Februarie – Mnr. Jaco Nelson
Sondag 5 Februarie – Mev. Karin Lourens
Donderdag 9 Februarie – Mev. Liezel van Zyl
Saterdag 11 Februarie – Mev. Natasha Saayman

# Uit die Kantoor

## van die beste skool in die Wêreld

Dis so maklik – veral in Suid-Afrika – om vir onsself ‘n “eilandjie” in die middel van ‘n druisende oseaan te skep. Dis so maklik om die grootte van die golwe in die groter oseaan te ignoreer omdat hulle nie op die strand hier by die huis breek nie. Dan, wanneer ‘n mens eendag die eilandjie moet verlaat om die verre horisonne op te soek, kom mens met ‘n skok agter dat jou realiteitswêreld (of dit wat jy ge*dink* het jou realiteit is) eintlik nie bestaansreg het nie.

Daarom is dit onheilspellend dat party ouens redeneer dat die groter prentjie van Suid-Afrika se onderwys-stelsel irrelevant is by Laerskool Hennopspark. Hier gaan dit (nog-) goed – ons kinders behaal groot suksesse op hoërskool en universiteit; ons is toonaangewend met die implementering van die nuwe kurrikulum; ons reputasie in die volksmond is goed; baie bekwame onderwysers wil baie graag hier skoolhou; ons kinders sit in ‘n Wiskundeklas waarin daar net 14 ander kinders is, en op sport- en kultuurterrein presteer ons uitstekend. Sjoe! Dit gaan wonderlik hier!!

Maar in die res van ons land se onderwysgemeenskap lyk dinge nie so rooskleurig nie. U sal onthou dat ek twee jaar terug, toe ek net hier by Hennopspark begin het, 2009 se Matriekstatistieke aan u voorgehou het. Intussen het die department ingrypende maatreëls ingestel om dinge te verbeter. Maar was hulle suksesvol? Besluit maar self. Die Matriekklas van 2011 het ***1.3 miljoen*** kinders in 1999 gehad toe hulle in Graad Een was. Van hierdie 1.3 miljoen Graad Eens van 1999 het slegs ***537 543*** in 2011 die Matriekeksamen afgelê. Dit is minder as 50% (om presies te wees: 40.7%!) van diegene wat aanvanklik in die onderwysstelsel begin het. Van die 500 000+ wat Matriek geskryf het, het slegs ***348 117*** geslaag. ***Dit beteken dat slegs 33% van die blinkoog- kinders wat hul skoolloopbaan in 1999 begin het, dit suksesvol voltooi het***. Die ander 67% sit op straat – onsuksesvol; ongekwalifiseerd; en onopleibaar. Slegs ***104 033*** van die 1.3 miljoen Graad Eens het in Wiskunde ‘n punt van bo 30% behaal (dit is ‘n minder as ***10%*** “sukses”-syfer!). Slegs ***96 441*** kandidate het meer as 30% vir Fisiese Wetenskap behaal (dit is nog minder!). As ons, soos die Nasionale Departement van Onderwys, sou suggereer dat 30% goed genoeg is, is ons diep in die moeilikheid. As jy net 30% vir iets kry, beteken dit dat jy 70% daarvan nie verstaan nie. Sal u dokter wat 30% vir snykunde gekry het in sy finale eksamen, toelaat om aan u kind te opereer? Sal u ‘n onderwyser wat self net 30% vir sy hoofvak op universiteit gekry het, toelaat om u kind te onderrig? Ek twyfel.

Op ons eilandjie by Hennopspark lyk ons statistieke gelukkig nie so nie. Op ons eilandjie by Hennopspark slaag ons kinders ***almal*** hul Wiskunde en Wetenskap. Hoekom? Omdat ons meer intelligent as die ander is? Of omdat ons dalk harder werk? Of omdat ons meer visie en dryfkrag het? Een van bogenoemde-, of almal-, of geen daarvan, kan dalk u antwoord wees.

(Vervolg op Bl. 3)

VALENTYNSDAG 14 FEBRUARIE 2012

Kom ons vier die liefde op Valentynsdag, Dinsdag 14 Februarie 2012 met ‘n heerlike Blougolfdag.
Trek jou rooi hemp en denim aan, bring ‘n geldjie vir heerlike lekkernye tydens pouse in die Koskas en geniet die dag saam met jou Hartedief!.
Daar word weer oulike Valentynsgeskenke vanaf Woensdag 8 Februarie verkoop in die Snoepie. Ons sien daarna uit om julle almal te sien!
Kom ons vier ook liefde vir ons naaste en bring Dinsdag 14 Februarie een Angels produk na die voorportaal van die saal .

**FOTO’S**

Datums waarop foto’s in Februarie geneem word:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Maandag 6 Feb. | Graad 2 | Dinsdag 7 Feb. | Graad 3 |
| Woensdag 8 Feb. | Graad 4 | Donderdag 9 Feb. | Graad 5 |
| Donderdag 23 Feb. | Atletiekfoto | | |

**MUURBAL**

32 seuns in die 0/13 afdeling van regoor die land het aan die Muurbal Eastern Ope Toernooi deelgeneem.
Dieter Kapp (0/12) speel vir die 0/13 groep en eindig 25ste.
Ulrich du Preez eindig 11de.
Divan Kruger eindig 9de en is die plaat 1 wenner.

In die 0/13 dogtersgroep het 16 dogters van regoor die land deelgeneem.
Shane Luyt (0/12) in die 0/13 groep eindig 7de.

Baie geluk aan hierdie leerders.

## Uit die berader se hoekie …

Noem ons 'gesels-tannies' of 'lekker-luister-tannies', maak nie saak nie, maar Marietjie Ackerman en Suzanne Janeke het die voorreg om by Hennopspark te luister na enige kind wat net ietsie van die hart wil afkry vanaf maatjie-probleme, 'n katjie wat dood is tot die groot hartseer wat keer dat hulle kan fokus en ontwikkel om te wees wie hulle moet wees. Elke storie is vir ons belangrik en word met groot vertroue, versigtigheid en baie liefde hanteer.

Soos ons hier is vir die kinders, is ons deur ook oop vir die ouers om te help waar ons kan. Kontak ons gerus vir 'n afspraak.

Alhoewel ons geen persoon sonder God se wysheid en liefde *kan* bedien nie, en dit ons begeerte is dat elke kind, onderwyser en ouer God se liefde sal ontdek en groei daarin, forseer ons nie ons geloofsoortuigings op enigiemand af nie.

Na aanleiding van enkele dissipline-situasies wat in die klasse opduik, vra ons asseblief julle as ouers se hulp met die volgende

- Praat net een keer met jou kind en verwag dan gehoorsaamheid
- Wees konsekwent in dissipline en die gevolge van ongehoorsaamheid
- Moenie vir jou kind iets doen wat hy vir homself kan doen nie!

Liefde
Marietjie en Suzanne



(Vervolg van Bl. 2

Die feite is dat ons – die skoolbestuurspan, die onnies en die Beheerliggaam – die besluit geneem het om bitter baie geld te spandeer om u kind op akademiese terrein optimaal toe te rus vir die volwasse wêreld. En ons kry dit reg deur u kind in 'n klein klas te onderrig, en ons kry dit reg deur puik opvoeders in diens te neem. Maar dit kos ongelooflik baie geld – geld waarvoor ons begroot het, en geld wat ons ouers aan skoolgeld moet betaal.

Ons skoolgeld is meer as ander skole in die omgewing se skoolfonds. Maar ons lewer 'n beter produk as die ander. Inteendeel, ek dink regtig ons produk is van ongeëwenaarde gehalte – 'n gehalte waarvan mense in Suid-Afrika net kan droom, -'n gehalte wat op internasionale vlak meeding.

***Maar weet u dat die Onderwysdepartement slegs 36 onderwysers by Hennopspark se salarisse betaal?*** Geen wonder dat dit so sleg gaan in sommige skole nie! As 'n skool nie self hande uitsteek en fondse genereer nie, sit daar tot 60 kinders in 'n klas, en dan kan daar geen kwaliteit-onderrig plaasvind nie. Die res van ons personeel moet uit fondse betaal word wat die skool self genereer, waarvan skoolfonds 'n gedeelte uitmaak.

Daarom doen ek 'n opregte beroep op u om asseblief u skoolgeld getrou te betaal. Die suksesvolle invordering van ons skoolgeld verseker dat ons die kwaliteit kan handhaaf waartoe ons verbind is. En ek weet dat die kwaliteit waarop u aanspraak maak by hierdie skool nie vir u-, of vir my-, of vir die Beheerliggaam onderhandelbaar is nie.

Dankie vir diegene van u wat getrou is in die nakom van u finansiële verpligtinge. Ons maak geweldig staat op u gereelde betaling van u rekening sodat ons in die operasionele behoeftes kan voorsien. Hierdie is maar 'n besigheid soos enige ander wat staatmaak op suksesvolle invorderings om likied te bly. Maar dis 'n besigheid met 'n verskil. Dis 'n besigheid met 'n hart – 'n hart vir kinders.

En ons mag nooit ons kinders te nakom nie. As mense sou besluit dat die betaal van skoolfonds die laaste rekening elke maand is wat vereffen moet word, is ons maar net soos die res van die land – mense met 'n bakhandstaan-mentaliteit wat reken dat "entitlement" hulle geboortereg is. Gelukkig is so 'n houding by Hennopspark die uitsondering.

As ons so sou redeneer, is ons niks beter as die duisende ander gemiddeldes nie. En ons sal deel van die belaglike statistieke word wat deur ons minister as 'n geslaagde stelsel voorgehou word.

Dankie vir u begrip en ondersteuning. Dit was 'n bitter moeilike brief om te skryf. Ek hoop u aanvaar dit in die opregte lig waarin dit bedoel word.

En dankie vir u ondersteuning en lojaliteit.

# Kitaarlesse 2012

Liewe Kitaarouers,

Die nuwe jaar en al sy aktiwiteite is vinnig op ons en dis weer tyd om die kitare te tokkel. Die lesse is vir beginners wat nog nooit kitaar gespeel het nie. Ons begin die week van die 6de Februarie. U kind sal 1 halfuur les per week hê. Die koste beloop R360 per kwartaal, vooruit betaalbaar. Ek wil probeer om die kinders volgens hul ouderdomme in dieselfde tydgleuf te sit. Dit sal dan soos volg werk:

- Maandae 14:30 - 15:00 Gr. 4 & 5
- Woensdae 14:00 - 14:30 Gr. 3
- Woensdae 14:30 - 15:00 Gr. 6 & 7

Indien die bogenoemde tye met u kind se ander buitemuurse aktiwiteite bots, kan ons 'n plan maak om dit in een van die ander tydgleuwe in te pas.
Elke leerder moet sy **eie kitaar** en **"Flipfile"** saambring. U as ouer moet asb. toesien dat u kind elke week se les deeglik oefen sodat hul maksimale sukses kan behaal.

Betaling kan per internet of kontant gedoen word.
(Absa Spaarrekening, 9050413187, Tak: Witrivier, Takkode: 334452)

Ons sien uit na 'n opwindende kitaar-jaar.
Vir enige verdere navrae, skakel my gerus by **082 413 4761**.

Kitaargroete
Lynette Coertze

---

**Kitaarlesse** **Terug aan Juf. Lynette Coertze**

Hiermee gee ek, ouer van _____, Gr. ____ toestemming dat my kind mag deelneem aan die kitaarlesse vir 2012 en aanvaar die koste soos hier bo uiteengesit.

***Die gegewe tydgleuf pas my / pas my nie. (Omkring asb)***

_____ _____
Kontak nommer Handtekening

_____
E-pos adres



## U KIND SE VEILIGHEID

Inligting vanaf die Ouerveiligheidskomitee:
**Padpatrollie**:
Leerders moet by die gemerkte oorgange oor die pad loop. Ouers moet asb. NIE saam met u kind die pad enige plek kruis nie!
Padpatrollietye: Oggend: 07:00 – 07:27
Middag: 13"30 – 13:40
**Wagklas**:
GEEN KIND mag op die terrein rondloop nie! Hulle is of by die sport- of kultuuraktiwiteit of in die WAGKLAS! Die wagklas funksioneer tot 15:30. Die wagklas is daar vir leerders wat moet wag totdat sport-/of kultuuraktiwiteite begin. Kinder moet daar huiswerk doen.
Kinders mag ook nie buite die hekke vir ouers wag nie. Reël met u kind waar u hom/haar oplaai!

## HENNOPS HOKKIE AKADEMIE 2012

Ons Hennops- Hokkie Akademie vir 2012 begin op 7 Februarie. Die akademie word aangebied deur Me Lielies Lingenfelder.

***Oefentye is as volg:***
***Seniors - Gr. 5 – Gr. 7 Leerders:***
***Dinsdae oggende vanaf 06:30 – 7:20***

***Oefendatums vir Gr 1 – 4 leerders vir die eerste kwartaal is:***
*9, 16, 23 Februarie 2012*
*1, 8 15,22 en 29 Maart 2012*

***Juniors - Gr.1 – Gr. 4 Leerders:***
Donderdae oggende vanaf 06:30 – 7:20

***Oefendatums vir Gr. 5 – Gr. 7 leerders vir die eerste kwartaal is:***
*7, 14, 21 en 28 Februarie 2012*
*6, 13, 20 en 27 Maart 2012*

**Sien volledige brief en skeurstrokie hierby aangeheg.**

# Hennops

# "Hockey on Wheels"

Geagte Ouer/Voog

Ons Hennops- Hokkie Akademie vir 2012 begin op 7 Februarie. Die akademie word aangebied deur Me Lielies Lingenfelder.

***Oefentye is as vola:***

***Seniors - Gr. 5 – Gr. 7 Leerders:***
***Dinsdae oggende vanaf 06:30 – 7:20***
***Oefendatums vir Gr 1 – 4 leerders vir die eerste kwartaal is:***
*9, 16, 23 Februarie 2012*
*1, 8 15,22 en 29 Maart 2012*

***Juniors - Gr.1 – Gr. 4 Leerders:***
Donderdae oggende vanaf 06:30 – 7:20
***Oefendatums vir Gr. 5 – Gr. 7 leerders vir die eerste kwartaal is:***
*7, 14, 21 en 28 Februarie 2012*
*6, 13, 20 en 27 Maart 2012*

Indien u sou belangstel om u kind by die oefengroep in te sluit, is die volgende van belang:

Fase 1

- Akademiefooie is **R280-00 per kind** vir die eerste kwartaal tot en met einde Maart.
- Dus **8** sessie per kind teen R35-00 per sessie.
- 'n Deposito van **R180** is betaalbaar met registrasie. Die uitstaande balans van **R100** moet voor of op **15 Maart 2012** vereffen word. Indien daar probleme met betaling is, kontak Lielies direk.
- 'n Bewys van betaling moet tydens die eerste oefensessie by Lielies ingehandig word.
- Daar sal 'n opsionele oefenhemp (dieselfde as in 2011) beskikbaar wees teen R60-00. 'n Voorbeeld bestellings en betaling van bogenoemde hemp geskied by Me. Lynette Coertze (Hokkieorganiseerder).
- Beginners is welkom.
- Elke speler moet sy/haar eie hokkiestok hê asook 'n bal.

Fase 2

- 'n Inligtingsbrief i.v.m. die tweede kwartaal se oefeninge sal einde Maart uitgedeel word.
- Fase 2 van die akademie vind plaas in April- tot Mei-maand 2012.
- Betalings kan elektronies geskied :

***Bankbesonderhede:***

| | |
|---|---|
| ***Rekeninghouer:*** | ***E.J. Lingenfelder*** |
| ***Bank:*** | **ABSA – Spaarrekening** |
| ***Rekeningnommer:*** | **768144923** |
| ***Takkode:*** | **632005** |
| ***Verwysing:*** | **U kind se naam, van en Gr.** |

***Wat bied die akademie:***

1. Fokus op individuele vaardighede (Internasionale konsepte van Holland)
2. Inoefening en bekendstelling van basiese vaardighede.
3. Hokkie algemen kennis en reels.
4. "Agility" oefeninge en voetwerk.
5. Hokkie vaardigheidstoetse (New Zealand konsepte)

Indien daar enige navrae is kan u gerus Me Lielies Lingenfelder e-pos , by lieliesl@gmail.com

Ons sien uit na 'n vars 2012 hokkieseisoen!

Groete

Me. Lielies Lingenfelder
*(FIH Vlak 1 Afrigter en Fasiliteerder)*
*(Noord-Gauteng Afrigter - Primêr en Hoërskole vlak)*
*(Oud Noord-Gauteng o/21- en Senior dames speler)*

***SKEURSTROKIE – TERUG NA ME LYNETTE COERTZE***

---

Hiermee bevestig ek Mnr/Me _____

ouer van_____in Gr._____

dat my kind aan Hennops Hokkie Akademie mag deelneem. Ek onderneem om die volle bedrag van R280-00 vir die eerste kwartaal, voor of op 15 Maart 2012 te vereffen.

_____ _____
Handtekening - Ouer Kontaknommer - Ouer

_____
E-pos adres